


Boskamp by Heroncliff



Vrydag, 22 September vat ons en Rauti en Karen die pad na Patensie by ons Boskamp by Heroncliff. Die natuurskoon is pragtig en ons slaan ons tente naby die water op. Willie en Jackie Conradie daag vroegmiddag op en ons besluit om die area so bietjie te gaan verken. Ons ry na die winkeltjie "ietsie vergeet" waar ons heerlike roomys en biltong vir spot goedkoop kry. Steven en Sandra Meyer arriveer vroeg die volgende oggend en ons maak 'n vinnige ontbyt voordat ons die Baviaanskloof aandurf. Ons gaan loer by Rooihoek waar die twee seuns die koue rivier aandurf. Ons vat weer die pad verder tot by Smithskraal, waar ons maar moet improviseer aangesien niks vir ete of drinke beplan was nie. Die manne prakseer



vir hulle drinkglase uit coke en ice tea botteltjies en daar word geraap en skraap in almal se voertuie vir ietsie vir middagete. Daar word vinnig 'n vuurtjie aangesteek en worsies word gebraai en ons maak sommer vinnige worsbroodjies met gewone brood en kaassmeer en was dit nou vir jou 'n heerlike etetjie. Sondag gaan geniet ons middag ete



by Padlang's en doen ook by Geelkrans aan om te kyk hoe hul kampplekke lyk. Daarna ry ons na die Kouga Dam wat maar slegs 14% vol is. Elke aand word daar heerlik om 'n groot kampvuur gesels en gekuier. Maandag moet almal maar traag oppak vir die kort wekie wat voorlê.

Baie dankie aan almal wat die boskamp so 'n heerlike ervaring gemaak het.

- **Sandra Fourie**